



vrouelidmate@gmail.com

AAN ALLE DAMES WAT DIE VROUEKONFERENSIE BYWOON 17-19 FEBRUARIE 2017 – AMANZI, BRANDFORT

(SKRIBAS EN LERAARS WEES ASSEBLIEF SO VRIENDELIK OM HIERDIE INLIGTING AAN U VROUELIDMATE DEUR TE GEE.)

Ek lees vanmôre die volgende stelling raak en dit het my getref hoe gepas dit is vir die onbekende van 2017: **die enigste HOOP wat enige mens enige plek in die wêreld het, is GELOOF in Jesus Christus!** Ek bid dat jou geloof in hierdie jaar sal groei – sodat jy HOOPVOL kan leef!

Ons vrouenaweek by Amanzi is net bietjie meer as 'n maand weg en ons wil baie graag aan elke dame wat dié spesiale naweek saam met ons gaan beleef, 'n inligtingstukkies deurgee.

1. **Aangeheg** is 'n roetekaart na Amanzi. Let asseblief daarop dat die stukkies pad vanaf Brandfort na Amanzi (±15km), 'n grondpad is. Dit is gewoonlik 'n goeie pad, maar met die reën van die afgelope tyd, kan dit dalk moeiliker wees. Ry asseblief stadig en moenie huiwer om te skakel, sou julle enige probleme op dié pad ondervind nie - Marietjie by 076 113 9601, of Benelí by 082 648 0653.
2. **Aangeheg** is ook die program van die naweek. Ons registreer vanaf 15:00 by die hoofgebou, heel voor op perseel sodra jy by die terrein inry. **Maak seker dat ons die bewys van betaling vooraf per e-pos ontvang het om enige oponthoud met die registrasie te vermy.** U sal dan uitgeplaas word in die verskillende tipes akkommodasie. 'n Kaart sal aan u voorsien word om die akkommodasie maklik te kry. Spesiale reëlings sal met dagbesoekers getref word.
3. Die program begin die middag om 17:00 in die Sable-saal (kaart sal voorsien word).
4. Om saam te bring:
 - Jouself – vol afwagting en energie
 - Jou Bybel
 - Muskietafweermiddel
 - Die kamers het verkoelers, asook groot waaiers – as jy regtig warmbloedig is – bring nog 'n waaier saam
 - Daar is 'n restaurant en winkeltjie op die terrein met die nodigste – as jy wil kan jy ekstra koffie, tee en beskuit saambring vir die middernaggeselsies
 - 'n Wildrit is op bespreking beskikbaar teen 'n spesiale fooi en kan in die rustyd, Saterdagmiddag vanaf 13:00 - 15:45, of vroeg in die oggend gereël word. Elke dame is self verantwoordelik vir hierdie reëlings by ontvangs, asook vir die betaling daarvan. Koste is R100 per persoon vir twee ure vir 'n groep van 10 en meer.

Voorsitter: Anso Steyn sel: +27 (0) 82 773 2612 e-pos: anssteyn@mweb.co.za
Faks: + 27 (0) 86 649 9586 | E-pos: vrouelidmate@gmail.com



- Ons gaan die naweek naby aan die natuur leef, kleredrag is gemaklik en informeel. Sondag word die Nagmaal op 'n baie spesiale plek aangebied en is die drag meer netjies.

Ek hoop hierdie inligting laat die opgewondenheid in julle groei! Bid saam met ons vir hierdie naweek, bid vir die sprekers en vir die persoon wat ons gaan lei in sang, bid vir elke vrou wat die naweek sal bywoon (en vir veilige reis) en bowenal, bid dat Hy jou gereed sal maak om te ontvang – dit wat vir jou bedoel is – om jou beker van Hoop weer te laat oorloop as jy die Sondag daar wegry!

SHALOM!

Anso Steyn

Voorsitter - Vrouelidmate Vrystaat

